# Tafnuus: Julie 2025

**Goeie dag Taflede**

**Die maand is vol gelukwense aan vele lede, wel gedaan met al die prestasies hier onder genoem!!!!**

**Ons sien ook uit na ons Julie wegbreek naweek by Utopia, Swellendam en hoop om goeie herinneringe en fotos saam terug te bring. Dankie aan Theo Potgieter en Martie Taljaard wat die reelings getref het.**

Ons wil graag vir Martie Taljaard hartlik bedank vir haar bydrae by die Taf komitee hierdie jaar met Facebook en Uitstappies en byeenkomste. Sy het van die komitee bedank in Julie oa. weens werksverpligtinge wat bygekom het. Alles wat mooi is vir jou en Dirk en dankie dat jul steeds betrokke bly!! Ons waardeer julle.

**1.WEN-FOTO'S van Julie 2025- KATEGORIE – Stillewe met oudydse kuns effek, opgewekte beoordelaars Muriel en Chris Joubert. Hul terugvoer was baie sinvol en prakties, baie dankie.:**

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Jean Rheder: Nostalgic Conversations**<br>**Wenner: Vaste Kategorie Stillewe** | **Andre de Koker: Ou dae**<br>**2de wenner: Vaste Kategorie Stillewe** |

|  |  |
|---|---|
| **Arnold van Dyk: Balancing Act**<br><br>**Wenner: Ope kategorie** | **Juliane van Dyk: Tsaarsbank**<br><br>**2de wenner: Ope kategorie** |

**Baie geluk aan die Julie Maand kompetisie wenners en aan elkeen wie deelgeneem het, veral aan ons nuwe lede wat ingeskryf het!!!!**

## 2. Augustus 2025: BYEENKOMSTE

- **Vaardigheid. 5de Augustus:** Die byeenkoms sal slegs geZoom word om 19h00.
- **Rob Minter is ons vaardigheids aand aanbieder: blomme is ons September maand tema.**
- Die maand se klubkompetisie is die **19de Augustus, s**luitingsdatum vir inskrywings is die **13de Augustus.**
- **Alta Oosthuizen is ons beoodelaar. Alta se motto is "Photography is not a job, nor a hobby. It is a way of LIVING!"** Kyk gerus na haar webjoernaal/blog.
- Vaste kategorie onderwerp: Winterlandskap of Astro fotografie landskap in kleur. Manipulasie toegelaat. Foto nie ouer as twee jaar asb.
- **Uitstappie: Dinsdag die 29ste Julie: 12th South African Ballet Competition (28th to 31st July 2025)** in die Artscape teater. 18h00 tot 23h00. Wonderlike geleentheid om aksie en grasie af te neem.
- **Gaan steeds gerus op PSSA se webtuiste en kyk na verskillende afdelings, wen fotos en nuus. Impala uitslae en waar jy op die lys geeindig het. Indien jy by Taf salon ingeskryf het kyk gerus ook na die uitstekende videos van ons salon. Kry inspirasie uit ander se pogings.**

## 3. KLUB PRESTASIES:

**3.1 Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):**

- **Tafelberg Fotografie klub het 5de op die Impala 2024/2025 Klub posisie lys landwyd geeindig en 1ste in die Weskaap!!!!!**
- **'n Besonderse goeie prestasie, baie geluk Taffies!! Dit wil gedoen wees en was 'n mooi span poging.** **Die uitslae moet nog finaal geaudit word.**

**Die volgende 30 Taflede het by Pssa salonne ingeskryf 2024/2025 en Tafelberg klub salon punte verwerf**:

Hendi Barnard, Mike Barkhuysen , Esme Bruwer, Cobus Carstens, Andre de Koker, Christo Giliomee, Niel Goslett, Quintus Heine, Juliane van Dyk, Elke van Jaarsveld, Adriaan van Zyl, Karen van Zyl, Mariana Visser, Arnold van Dyk, Sonja Myburgh, Marc Pentz, Julia Marinescu, Jean Rheder, Lizhan Ruschenbaum, Eurica Scholtz, Kathy Smith, Frank Smith, Anre Uys, Cathy van Nieuwenhuizen, Fransoinette Swart, Judy Visagie, Theo Potgieter, Sharon Nowacki-Olsen, Antonique Delport en Charmaine Venter. ***Baie geluk en dankie aan elkeeen.***

- **Christo Gillomee het 12 de op die individuele Impala Lys geeindig in 2024/2025 en eerste in die Weskaap. Wonderlike prestasie!!!!Veels geluk!**
- **Karen van Zyl het 4 de geeindig op die Prints Impala lys in 2024/2025!! Wel gedaan!!Hartlik geluk.**

- **Mooi gelukwense aan die onderstaande TAFklub lede!!!** Die syfers aan die begin van die kolom is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. Dankie aan elkeen wie ingeskryf het, die klub se gesamentlike poging is wonderlik. Dankie aan ons junior lede wat ingespring het en mooi uitslae behaal het. Ons is trots op julle.

| Naam | Kriel foto club salon | Ballito photo club salon | TAF 14de print salon | "Up and coming" salon |
|---|---|---|---|---|
| Hendi Barnard | | 2 | 3 | 4 |
| Neels Beyers | 3 1 Meriete | 3 | 4 1 Meriete | |
| Mike Barkhuysen | | | 7 | |
| Esme Bruwer | | 4 | | |
| Cobus Carstens | | | | 3 |
| Andre de Koker | 3 | 2 | 5 1 Meriete | |
| Phillip de Lange | 3 | 2 | 4 | |
| Louise de Lange | | 2 | 5 | |
| Christo Giliomee | 9 | 11 1 Meriete | 13 5 Merietes | |
| Niel Goslett | 3 | 4 | 9 | |
| Quintus Heine | 7 1 Meriete | 2 | 8 1 Meriete | |
| Juliane van Dyk | 10 1 Meriete | 9 1 Meriete | 14 2 Merietes | |
| Elke van Jaarsveld | | | 1 | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Adriaan van Zyl | 5 1 Meriete | 6 | 14 3 Merietes | |
| Karen van Zyl | 5 1 Meriete | 3 | 8<br>1 Medalje Mono | |
| Mariana Visser | | | 4 | |
| Arnold van Dyk | 6 2 Merietes | 1 | 5 | |
| Sonja Myburgh | 8 | 5 | 9 2 Merietes | |
| Marc Pentz | | | 3 | 7 1 Meriete<br>1 Medalje Mono |
| Julia Marinescu | | | | 1 |
| Jean Rheder | | | | 4 |
| Lizhan Ruschenbaum | | | | 2 |
| Eurica Scholtz | | | 1 | |
| Kathy Smith | | | | 1 |
| Frank Smith | | 1 | | |
| Anre Uys | | | | 5 1 Meriete |
| Cathy van Nieuwenhuizen | | | | 3 |

- **<u>Tafelberg salon</u>: Die medaljes van die Tafklub salon sal DV uitgedeel word by ons jaareindfunksie die 29ste November.** Dankie aan Niel Goslett en sy span en elkeen wat beoordeel het en deelgeneem het!!!!! Geluk aan die 5 salon klub medalje wenners!! Quintus Heine, Adriaan van Zyl(2), Karen van Zyl, Christo Gillomee(2) en Juliane van Dyk(2)
- **<u>Salon direkteurs verslag is baie volledig saamgestel.</u>**

**<u>Dpssa honours:</u>**

- **Mariana Visser ontvang Dpssa in Prints.**
- **Karen van Zyl ontvang Dpssa in natuur.**
- **Hartlik geluk aan die twee dames vir volhardende harde werk!!!**

**Ster gradering bevordering Julie 2025:**

Marc Pentz word bevorder na ‘n senior fotograaf vanaf 3 ster, tans 4 ster fotograaf.
Anre Uys 2 ster word bevorder na ‘n 3 ster junior fotograaf.
Marianna Visser word na Meester silwer bevorder vanaf Meester brons.
Wonderlike groei en volharding, veels geluk aan die drie fotograwe.

## 4. KLUB NAWEEK UITSTAPPIE 25-27ste JULIE 2025

Ons gaan na Utopia toe, wat sowat 10 km buite Swellendam, op die Bonnievale pad, gelee is. Die doelwit is om die Canola en winter onweer op sy beste te vang. Hier is Utopia se Facebook blad waar julle kan sien hoe dit daar lyk.

https://www.facebook.com/profile.php?id=100047724648171

'n Groot aantrekkingskrag is die ruim lapa waar ons almal onder dak rondom 'n gesellige vuur kan saam kuier. En dan is daar ook 'n verdere groot onder dak area langs die lapa. Ons het eksklusiewe gebruik hiervan vir die naweek. Die plaas en omgewing het ook pragtige landskappe en die Canola behoort in volle blom te wees.

Bring asb julle eie eetgery & dalk kampstoele vir gebruik in die lapa. Handoeke. Die huise se kombuis toerusting, breekware, glase ens. mag nie uit die huise geneem word nie.Die klub dek die koste vir die huur van die lapa & 10 bondels hout.

**Nuwe lid**: Baie welkom aan Keith Arnold van Tulbach, hoop jy geniet jou fotografie ervaring by ons en raak gou deel!!

Ons September maand kompetisie se tema is **blomme**, dit kan 'n landskaps foto met Canola/veldblomme wees, blomme met voels/bye ens. wat nektar soek, kreatiewe blomme(ICM), makro van 'n blom of 'n stillewe foto met blomme wees. Dis dus 'n baie wye oop blomme tema. Geniet die blomme skepping en geleenhede om dit kreatief vas te vang.

Hartlike groete

Juliane van Dyk

Voorsitter

**Tafelberg Fotografieklub - "Die lekkerste fotografieklub in die Wes-Kaap"**
e-mail : tafklub@gmail.com website : www.tafklub.co.za